

# Jy is 'n gestuurde!

- Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
- Hierdie is n huwelik
  - Esegel
- Eze 24:15 Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
- Eze 24:16 Mensekind, kyk, Ek neem die lus van jou oë van jou af weg deur 'n sware slag; nogtans mag jy nie rouklaag of ween nie, en jou trane mag nie kom nie.
- Eze 24:17 Sug in stilte; oor die dooies mag jy geen rou bedryf nie; bind jou hoofdoek vir jou om en trek jou skoene aan jou voete; jy mag ook die baard nie bedek nie en die brood wat die mense bring, nie eet nie.

- **The Healing at the Pool on the Sabbath**

- **Joh 5:1** Hierna was daar 'n fees van die Jode, en Jesus het opgegaan na Jerusalem.
- Joh 5:2 En daar is in Jerusalem by die Skaapspoort 'n bad met vyf pilaargange wat in Hebreeus Betésda genoem word.
- Joh 5:3 Daarin het 'n groot menigte siekes gelê, blindes en kreupeles en lammes, wat op die roering van die water gewag het.
- Joh 5:4 Want 'n engel het op bepaalde tye in die bad neergedaal en die water geroer. Die een wat dan die eerste ingaan ná die roering van die water, het gesond geword, aan watter siekte hy ook al gely het.
- Joh 5:5 En 'n sekere man was daar, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het.
- Joh 5:6 Toe Jesus hom sien lê, **terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was**, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word?
- Joh 5:7 Die sieke antwoord Hom: **Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in.**
- Joh 5:8 Jesus sê vir hom: Staan op, neem jou bed op en loop.
- Joh 5:9 En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop. En daardie dag was dit sabbat.
- Joh 5:10 Die Jode sê toe vir hom wat genees was: Dit is sabbat; dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie.

- Joh 5:11 Hy antwoord hulle: Hy wat my gesond gemaak het, Hy het vir my gesê: Neem jou bed op en loop.
- Joh 5:12 Toe vra hulle hom: Wie is die man wat vir jou gesê het: Neem jou bed op en loop?
- Joh 5:13 Maar hy wat gesond geword het, **het nie geweet wie dit was nie**; want Jesus het Hom verwyder, omdat daar 'n skare op die plek was.
- Joh 5:14 Daarna het Jesus hom in die tempel gekry en vir hom gesê: **Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.**
- Joh 5:15 Die man het gegaan en aan die Jode vertel dat dit Jesus was wat hom gesond gemaak het.
- Joh 5:16 En hieroor het die Jode Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die sabbat gedoen het.
- Joh 5:17 **En Jesus het hulle geantwoord: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.**

• **Wat n pragtige storie**

- In die boek Johannes is daar net 2 kante van n saak. Jy stem saam met die wêreld of saam met Jesus.
- Kom ons hou n hofsaak. Vir Jesus teen Jesus

- Wêreld
- Werke. Kan Jesus gesondmaak en genees? Kan Hy wonderwerke doen? Dit is nie meer die tyd van werke nie.
- Praat God waar. Wie is Jesus? Bestaan Hy regtig? Glo jy wat Hy sê?
- Skrifte. Praat die skrifte waar? Die Bybel is net 'n verhaal. Die Bybel is nie God se woord nie. Nie alles in die Bybel is waar nie.

- Jesus
- My eerste getuie is die werke wat Jesus doen. Dit is die werke van die Vader. As Jesus goddelike dinge doen soos geneesing moet Hy van die Vader af kom. Net God laat goeie dinge gebeur. As julle na Jesus se werke kyk wil julle stry dat Jesus nie van God af kom nie.
- Die Vader getuig oor Jesus. Hy het Jesus gestuur. Die wêreld glo nie wat Jesus sê nie. Die skuld lê by julle want julle is doof en blind. Julle het God nog nooit gehoor of gesien nie. Die boodskap van God leef nie in julle nie. Julle herken nie Sy getuienis nie. Wie luister na Jesus sal God se woorde en openbaring hoor.
- Julle weet dat julle die antwoorde na die ewige lewe in die skrifte moet vind. Julle kom nie by die ware boodskap uit nie. **REDE:** Julle kom nie agter dat die skrifte van Jesus praat nie. Die skrifte wys na Hom toe as die bringer van die ewige lewe. Wie dit nie erenstig opneem nie sal die pad nie vind nie.

- Joh 5:19 Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.
- Joh 5:20 Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees.
- Joh 5:36 Maar Ek het 'n groter getuienis as dié van Johannes, want die werke wat die Vader My gegee het om te volbring, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het.

- Joh 5:17 En Jesus het hulle geantwoord: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.
- Joh 5:37 En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit sy stem gehoor of sy gedaante gesien nie.
- Joh 5:38 En julle het sy woord nie as iets blywends in julle nie, omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie.

# Regte pad na die lewe

- Joh 14:7 As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.
- Joh 5:46 Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. [Pastoor / Kind van God](#)
- Joh 12:38 sodat die woord van die profeet Jesaja vervul sou word wat hy gesê het: Here, wie het ons prediking geglo, en aan wie is die arm van die Here geopenbaar?
- Joh 12:39 Daarom kon hulle nie glo nie, omdat Jesaja óók gesê het:
- Joh 12:40 Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

# Hoof oorsaak

- Joh 5:40 En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie.
- Joh 5:41 Eer neem Ek van die mense nie aan nie.
- Joh 5:42 Maar Ek ken julle, dat julle die liefde van God in julle nie het nie.
- Joh 5:43 Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.
- Joh 5:44 Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, soek julle nie?
- Joh 5:45 Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig—Moses op wie julle gehoop het.
- Joh 5:46 Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe.
- Joh 5:47 En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?

# Vraag

- Wie kies jy?
- Hoe ver van God af staan jy?
- Jy sit dalk in daai bank vandag en vra vir n wonderwerk om te glo. Jesus sê vir jou vandag Hy is die een aan wie jy moet glo. Jy sien Hom en hoor van Hom vandag.
- Hoekom wil jy dit nie aanvaar nie?
- God sê vir ons vandag Sy name:
  1. Elohim Genesis 1 vers 1. Hy is die Skepper.
  2. Jehovah / Yahweh Genesis 2 vers 7. Hy is n persoonlike God. Eksodus 3 vers 15 EK is wie Ek is. Ewig en ewig.
  3. Yahweh hou verband met 7 name.
- Die een wat voorsien Genesis 22 v 6-8
- Die een wat gesondmaak. My persoonlike dokter. Eksodus 15 vers 22-26
- Die een wat ons bannier is. Ons kom by Hom bymekaar in oorlog. God sal oorlog hê teen jou vyande. Eksodus 17 vers 8, 13-16
- Die een wat ons vrede is. God gee ons vrede in oorlog. Rigters 6 vers 17-24
- Die een wat ons herder is. Dit is n persoonlike belofte. Psalm 23.
- Die een wat ons regverdige is. Jy is in n Huwelik met God en jy kry Sy van. Jy kan net in Jesus regverdig wees. Jeremia 23 vers 5-6
- Die een wat altyd daar is. Permanent teenwoordig. God bly by ons. Hy lewe saam met Sy kinders. Die nuwe hemel is hier op aarde. Esegel 48 v 35. Openbaring 21 vers 1-3.

# Nagmaal

- Joh 6:51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.
- Joh 6:52 Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons sy vlees gee om te eet?
- Joh 6:53 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.
- Joh 6:54 Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.
- Joh 6:55 Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.
- Joh 6:56 Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.
- Joh 6:57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.
- Joh 6:58 Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het—nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe.

# Intiem

- Joh 6:66 Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie.
- Joh 6:67 Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie?
- **Joh 6:68** En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe.
- Joh 6:69 En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.